

# KOERSVAS

Jaargang 5      Uitgawe 113   16 Junie 2017

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

### 16 Junie 2017: Onthou jy ?

*Siembamba, Mame se kindjie,*

*Vou jou handjies same*

*En sê ame,*

*Net maar jy self kan kreun en steun:*

*Niemand sal hoor nie, niemand, seun!*

*Almal is besig! Oor die land*

*Drywe 'n wolk van die noordekant -*

*Swart soos die rook uit die skoorsteen puil,*

*Swart soos die nag, en nes roet so vuil:*

*Jy, wat geen deel aan die oorlog het;*

*Jy, wat moet sing uit pure pret -*

*Jy moet verkwyn in 'n kinderkamp,*

*Kinkhoes en tering, sonder melk:*

*Bitter vir jou is die lewenskelk!*

*Daar is jou plek, by die graffies daar -*

*Twee in een kissie, 'n bruilofspaar!*

C. Louis Leipoldt (Gedig verkort)

Vandag, 16 Junie, herdenk ons Konsentrasiekampdag waartydens daar hulde gebring word aan die tussen 26 000 en 34 000 vroue en kinders wat gedurende die Anglo-Boere-oorlog in konsentrasiekampe gesterf het. Ons onthou die dag, nie uit bitterheid nie, maar omdat ons nooit ons geskiedenis mag vergeet nie. Hierdie redaksioneel gaan op kampe en gevolge fokus sonder om enige ander gebeure te minimaliseer.

Op 16 Junie 1900 oortree Lord Frederick Roberts die *Haagse Konvensie* van Julie

1899 wanneer hy die Verskroeiide Aardebeleid instel. Hierdeur word die lewenstog van die Afrikaner vernietig en sy voortbestaan radikaal bedreig. Plaashuise word afgebrand, vee doodgemaak en lande verbrand om Boere te forseer om oor te gee. Ongeveer 40 dorpe en 30 000 plase word vernietig. Duisende vroue, kinders en bejaardes word haweloos en in haglike toestande gelaat. In die hartjie van die winter word die eerste vroue en kinders na konsentrasiekampe gestuur waar later ongeveer 100 000 saamgehoek word. Op pad na die kampe word vroue, bejaardes en kinders te voet voor perde-ruiters uitgejaag. Ander word in vuil, oop bees- of koletrokke vervoer waarin hulle afgryslike ontberings verduur. Bedags verbrand die versengende son en kasty gietende reën hul en snags, in die winter, in die Hoëveld, verklui hul byna. In die trokke is hulle sonder kos, water, medisyne, privaatheid of enige ablusiegeriewe of geleentheid. Babatjies word voor die oë van opgeskote seuns en vreemdes gebore. In 'n trok wat vir die vervoer van vyftien beeste gebruik was, is nou tussen dertig en vyftig mense! Al is hul soms tot 10 dae lank op die trein, mag hul die trein nie verlaat nie. Trokke is toegeketting en word deur soldate opgepas. Moeders is magteloos:

*“Daar sit ek met my siek kind op die skoot. Sy was sterwend en sê, ‘Mammie, gee vir my tog ’n bietjie water.’ Wat kon ek doen? Ek antwoord: ‘My liefste, hier is geen water nie.’ Sy hou maar aan om te smeek vir water. Toe moes ek van my trane op haar lippies laat drup. Eindelik het sy gesterf. Daar sit ek met my twee lewende kinders en die lykie van my dogtertjie in my arms. So het ek gesit tot op Heidelberg. Hier is ons afgelaai en na ’n hospitaal gebring, waar ons moes wag tot die volgende trein. Die lykie van my kind het agtergebly. Die twee kinders en ek moes verder sonder kos tot ons op Merebank aangekom het. Ek was slap van die honger en verdriet toe ons daar aankom. Ek kan my verhaal nie so skryf soos ek dit kan vertel nie, want my hart word so seer, en dan beef my hand te veel om te kan skryf.”*

Mev M van der Merwe, Onthou! bl. 261.

Op 21 November 1901 skryf S.W. Burgers en F.W. Reitz in ’n brief aan die Britse Eerste Minister, vry vertaal: *“Hierdie verwydering het plaasgevind ... mees onbeskaafde en barbaarse manier ... Ou mense, kinders, swanger vrouens ... vir weke blootgestel aan reën, koue winde, beledigings, mishandeling ... Britse troepe hul vir myle voor hul perde uitgejaag... ou vroue, kindertjies, ma’s nog met suigeling aan die bors ...”*

In die kampe heers haglike toestande. Teen 1901 sterf daar ± 25 000 kinders en 3 000 vroue. In sommige kampe word tussen 10 en 12 persone saamgegooi in tente van ongeveer 500 ft<sup>3</sup> ( 14.16 m<sup>3</sup> = ongeveer 2.5 m x 3 m x 2 m). Emily Hobhouse skryf, vry vertaal: *“ totale wreedheid ... hierdie kampe is moord vir/op kinders....”*

Daar is ook “klasseverskille” ten opsigte van die verblyf en rantsoene vir bittereinders, hensoppers en joiners. Families van bittereinders ontvang slegs halfposies. So min as ’n 18de van ’n blikkie kondensmelk per gesin (8-12 in ’n tentjie) per week. Natuurlik breek talle siektes soos

ingewands-koors, tering, masels en skarlakenkoors uit. Ma’s mag hul siek of sterwende kinders in hospitaaltente, slegs een of twee maal per week besoek en talle kinders sterf bang en alleen.

Die Havenga Verslag publiseer verklarings van talle vroue en jong meisies wat vertel van verkrachtings tydens die oorlog. Die trauma waaraan Boervroue en -kinders onderworpe was, word vandag vergelyk met die Muselmann-sindroom waaraan talle Jode in die doodskampe van die Tweede Wêreldoorlog gely het. Sommige vroue word afgesonder in sogenaamde *oikampe*. Susarha Nel wat van Julie 1901 tot Augustus 1902 in die konsentrasiekamp in Mafeking was, beskryf hoe vroue wat moed opgegee het, na sulke *oikampe* verskuif is. Emily Hobhouse beskryf Boervroue wat só getraumatiseerd was dat hulle amper verlam was en totaal passief geword het.

Nou, 117 jaar later, het die salf van tyd wonde genees, maar ons durf nooit ons geskiedenis vergeet of nalaat om dit aan ons kinders en kindskinders oor te dra nie. Uit hierdie verskroeiende aarde is ons grootjies gebore. Uit die as van vernietiging het hulle opgestaan en met geloof, moed en deursettingsvermoë ’n Afrikaanse taal en kultuur gevestig en oplossings beding, sonder om iets van die Engelse te “demand”.

Weet jy dit? Onthou jy dit? Vertel jy dit?  
*Knegte van die Allerhoogste, teen die hele wêreld vry.*

*Soos ons vadere vertrou het, leer ook ons vertrou, o Heer:*

*Met ons land en met ons nasie sal dit wel wees, God regeer.*

C.J. Langenhoven

**Yvette Otto**

## BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### BEROEPENUUS: DIE WILGE

Predikante & gemeentes van die Geloofsbond

Die kerkraad van die Hervormde Kerk - Die Wilge nooi u hartlik uit na die ontvangs en bevestiging van Ds Gawie Wolmarans wat sal plaasvind DV op Saterdag, 29 Julie 2017 om 14h00 in die Hervormde Kerk – Die Wilge, Potchefstroom

H/v Waterboklaan en Vygiestraat, Miederpark

RSVP asb. teen 30 Junie 2017 per e-pos na [diewilgegemeente@yahoo.com](mailto:diewilgegemeente@yahoo.com) of per sms na Liza le Roux - 072 442 8515 (dui asb u naam en die getal persone aan).

### GEMEENTENUUS: BLOEMFONTEIN

Ds Tinus Swart aanvaar Geloofsbond-akkreditasie in midde van sy tuisgemeente. Op Dinsdag 16 Mei vanjaar is Ds MJ (Tinus) Swart tydens 'n Kuratorium-vergadering as Bondspredikant geakkrediteer. Hy was voorheen predikant van die NHKA Gemeentes Petrusburg, Dordrecht en Queenstown en het vanuit Bloemfontein gewerk. Hy en sy gesin skakel sedert 2016 in by die Onafhanklike Hervormde Gemeente Bloemfontein. Hy het die sertifikaat "Aanvaarding van akkreditasie" op Sondag 21 Mei 2017 in die teenwoordigheid van die gemeente onderteken en ontvang. Ouderling Jack Bezuidenhout het die bewoording van die Bond se proponentformule op die sertifikaat voorgelees. Ouderling Jozef van Biljon het as seremoniemeester opgetree en ook die boodskappe van Heilbron en Vrede se gemeentes voorgelees. Ds Swart het daarna die sertifikaat onderteken en die gemeente het hom en sy vrou Gesang 268

toegesing. Die gemeente het daarna gesellig saam met die paar tee gedrink en van die versnaperinge wat die susters voorberei het, geniet. Daar heers groot blydschap en dankbaarheid dat ds Swart geakkrediteer is en hulp sal kan verleen in ons gemeente en ook in die Bond.

Sr Huibré Lombard, kolporteur.



### GEMEENTENUUS: MAKWASSIE

Op 4 Junie 2017, na slegs twee jaar en 'n paar maande, het die gemeente **Makwassie** hul geboue-kompleks op die plaas Oersonskraal amptelik ingewy.

Die luisteryke geleentheid is begin met 'n erediens gelei deur Ds Piet Viljoen. Tydens die erediens word die gemeente se tweede lidmaat, Elisca Scheepers, toegelaat om openbare belydenis van geloof af te lê.



Na 'n bemoedigende preek is nagmaal bedien waar tydens die tafels afwisselend behartig is deur die teenwoordige predikante, Dr Johan Otto, Ds Parkin, Ds Carien Steenkamp en Ds Viljoen.



Na afsluiting van die diens het Ouderling Abraham Greyling die verrigtinge begin deur 'n kort oorsig van die gemeente se kort bestaan aan die gaste voor te hou, waarna Diaken Jetty Greyling, voorsitster van die vroue vereniging, die gaste met dankbaarheid ingelig het hoe hulle as susters met niks begin het nie en tans 'n geleentheid soos die kan aanbied met hul eie breekware en toebehore.

Nadat verrigtinge na buite verskuif het, het Mev Yvette Otto die gedenkplaat onthul om die geboue amptelik in gebruik te neem.



Verrigtinge is voortgesit in die gebou waar die oudste lidmaat, Tannie Rina du Toit (83) 'n klein blykie van waardering oorhandig het aan Diaken Kosie Scheepers vir sy onbaatsugtige voortou neem met die bouprojek.

Hierna is groete-boodskappe op 'n baie mooi en paslike wyse oorgedra deur Dr. Johan Otto namens Die Geloofsbond en Ds. Parkin namens buurgemeentes (Ottosdal, Schweizer –Reneke en Bloemhof)

Ouderling Jan Claase het verrigtinge afgesluit deur almal te bedank.

Nadat Ouderling Jan Rheeder die tafelgebed gedoen het, het die Susters almal op 'n eg Hervormer manier bederf met 'n heerlike ete.

### **KENNISGEWING: BONDSVERGADERING 2017 SCHWEIZER- RENEKE**

Geagte Kerkraad,

Volgens die reglement van orde moet die sakelys van die Bondsvergadering minstens 1 maand voor die aanvang van die vergadering aan alle afgevaardigdes versend word. Met die oog op die samestelling en finalisering van die sakelys word die volgende sake onder u aandag gebring.

#### **BESKRYWINGSPUNTE**

Alle beskrywingspunte moet ds Frans Marais (skriba@geloofsbond.org.za ) teen **19 Junie 2017** bereik. U word versoek om asseblief die aangehegte formaat te gebruik wanneer u, u beskrywingspunt saamstel. U word verder versoek om u beskrywingspunt so te formuleer asof dit 'n besluit is wat die vergadering neem en verder dat daar by elke beskrywingspunt 'n **deeglike motivering** aangebied word waarom die vergadering so 'n besluit moet neem. Om die vergadering sinvol in te rig, word elke kerkraad en komitee versoek om ernstig aan genoemde saak aandag te skenk.

#### **VERSLAE**

Elke komitee van die Geloofsbond word herinner aan die verslae wat in die sakelys vir die Bondsvergadering opgeneem moet word. Hierdie verslae moet volledig terugvoering gee van werksaamhede verrig gedurende die jaar. Indien die verslae enige voorstelle en besluite bevat wat deur die

vergadering goedgekeur of bespreek moet word, word u versoek om die voorstelle en besluite duidelik in die verslag aan te dui om dit sodoende makliker te maak vir die voorsitter om die besluite en voorstelle aan die vergadering te stel.

Hierdie verslae moet ds Frans Marais ([skriba@geloofsbond.org.za](mailto:skriba@geloofsbond.org.za)) **teen 19 Junie 2017 bereik.**

#### ADMINISTRASIE

Met die oog op die administrasie verwys ek u graag na die skrywe gedateer 6 April 2017. U word daaraan herinner dat alle geloofsbriewe die skriba voor of op 28 Mei 2017 moet bereik.

Die volgende reëlins is van toepassing: DATUM 3; 4 & 5 September 2017.

PLEK Gemeente Schweizer Reneke.

SITTINGS-URE Registrasie vind plaas op Sondag 3 September vanaf 16h00. Sittings-ure sal gefinaliseer word.

**KOSTES R550/afgevaardigde**

#### **BYBELVASVRAE 2017**

Ds van Rooyen laat weet:

Bybelvasvra 2017

Geagte Leraar, ouderlinge, diakens en lidmate

Eerstens baie dankie aan al die gemeentes wat reeds reageer het. Daar is 10 gemeentes wat geantwoord het op die eerste skrywes, waarvan 8 gemeentes wel gaan deelneem, met 'n totaal van 20 spanne wat reeds ingeskryf het. Dit is verblydend dat die deelname vanjaar so goed lyk.

Indien u gemeente reeds reageer het, ignoreer asb. hierdie versoek, maar die gemeentes wat nog nie reageer het nie, stel my asb. so gou moontlik in kennis van u deelname al dan nie. Stuur asb. vir my 'n e-pos met u gemeente naam en hoeveelheid

spanne in elke kategorie na [davr@vodamail.co.za](mailto:davr@vodamail.co.za)

#### **KOMMENTAAR BESKIKBAAR**

Die kern van die geloof wat ons bely, is reeds meer as 20 eeue oud. Tog stem ons en die eerste Christene saam. Dit wat ons glo, is dit wat aan hulle toevertrou is en wat hulle geglo het. Hoe werk dit? "EK EN ONS GLO" is die boek wat ons help om ons eie belydenis te verstaan. Ons word ook by die werk en elders getoets oor ons geloof. Hierdie boek sal ons help om met oortuiging die waarheid aan almal rondom ons te verduidelik. Geskryf in verstaanbare Afrikaans, is hierdie boek 'n baie handige instrument in ons wapenrusting van die geloof.

Die kommentaar van die Apostolicum is beskikbaar @R140 per eksemplaar. [jotto1@absamail.co.za](mailto:jotto1@absamail.co.za).

082 767 7891 "EK EN ONS GLO:

#### **OORNAG FASILITEITE**

##### **Villa Stoney B+B**

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !

Slegs 5km van die Zambezi Tolhek

- naby hospitaal en besighede-

Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers

Etes en wasgoed op afspraak

Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by

##### **Villa Stoney**

Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

#### **GELOOFSBONDPREKE**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook preke op *whatsapp* beskikbaar. Kontak Yvette Otto by **072 223 7522** vir meer besonderhede.

### **LEWENSBROOD 2018**

Dankie aan al die predikante vir u bydraes. Vandag, 15 Junie, is die sluitingsdatum vir al die Lewensbrood Dagstukkies. Dankie vir die tydige deurstuur van u Oordenkings en baie dankie vir die weldeurdagtheid van hierdie liefdeswerk. (Yvette Otto)

### **DANKBUNDEL**

Lidmate wat belangstel in prof HG van der Westhuizen se dankbundel moet met ds Jaap Steenkamp skakel.

### **GELOOFSBONDKWILT 2 (2017)**

Die GHG dames se fondsinsamelings is ten bate van ons teologiese studente. Lootjies is beskikbaar by u eie gemeente. Elke gemeente word herinner aan die versoek om 3 of meer lyste se kaartjies te verkoop. Lootjies word DV tydens die GHG-byeenkoms te Schweizer- Reneke getrek.

### **GELOOFSBONDKWILT 3 (2017/2018)**

Blokke moet nou inkom. Kontak Ansie Steyn van Oostelike Pietersburg by 083 630 1107.

### **DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke

- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk  
[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

### **UITNODIGING: BASAAR**

#### **SUIKERBOSRAND, 5 AUGUSTUS 2017**

*Ons gemeente hou Basaar op die bogenoemde datum en wil u graag uitnooi om ons te ondersteun in hierdie groot poging. Daar sal genoeg te koop, te eet en te kuier wees.*

*Die basaar word op ons kerkgrond gehou te H/v Fenter en Merz straat Heidelberg en begin reeds om 08:00.*

*Daar is ook twee veilings, 'n lappop en 'n windbuks.*

*'n Pen gemaak vanuit hout en, been word ook aangebied en behoort 'n baie interessante item te wees.*

*Daar is uitstallers van verskillende maatskappye wat insluit: sonkrag-toerusting, elektrisiteitbesparing, water suiwering en ander items wat boere en dorp bewoners kan besigtig.*

*Die gewone basaarprodukte soos pannekoek, kerrie en rys, nagereg, braaivleis, produkte, naaldwerk en vele meer sal daar wees.*

*Vars gebakte brood op die terrein gebak !!*

*U ondersteuning en kuier sal hoog waardeer en op prys gestel word.*

*Vriendelike groete,*

*Nico van Huyssteen*

*Skriba*

*Hervormde Kerk Suikerbosrand*